VAKKEUSE GRAAD 8

A.	VERPLIGTE VAKKE
1.	Afrikaanse Huistaal & Leesvaardighede
2.	Wiskunde
3.	Natuurwetenskappe
4.	Sosiale wetenskappe
5.	Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe
6.	Lewensoriëntering

B. ENGELS

Kies tussen Engels huistaal en Engels eerste addisionele taal (X)

7. **Engels Huistaal (vereiste Gr 6 rapport: First Additional Language 80% OF Home Language 75%)**
Fokus baie meer op literatuur, (gedigte, drama, romans), praat en skryf om soedoende kreatiewe denke en vaardighede te ontwikkel. Jy het passie, entoesiasme en 'n goeie werksetiek vir hierdie vak nodig.
Geskik vir leerders met 'n liefde en aanslag vir tale wat al klaar baie gemaklik is in Engels. ☐

OF

Engels Eerste Addisionele Taal
Fokus op die bemeestering van taal-, praat, lees- en skryfvaardighede in die basiese beginsels van die taal.
Meer geskik vir tweede taal sprekers. ☐

C. SKEPPENDE KUNS

Kies tussen Skeppende kuns of Musiek (X)

8. **Skeppende kuns**
Behels 'n baie algemene oorsig van musiek, Kuns en Drama soos op laerskool. Die volledige vakke Kuns en Drama kan vanaf Gr 9 geneem word. ☐

OF

Musiek (Keuring vind plaas vir 70 leerders)
Musiek as keuse vak kan deur ENIGE leerder geneem word, mits hy gemotiveerd is om 'n instrument te leer bespeel. (LEERDERS HOEF GEEN ERVARING VAN MUSIEK TE Hê NIE). Musiek bevat musiekgeskeidenis, teorie en 'n praktiese komponent. Daar is wel kostes betrokke veral waar instrumente gehuur moet word. ☐

D. TEGNOLOGIE

Kies tussen Tegnologie of Ingenieursvaardighede of Kodering en Robotika of Sportwetenskap (X)

9. **Suiwer Tegnologie Sillabus**
Tegnologie as vak verskaf vir die leerders die geleentheid om tegnologies geletterd te word. Dit word gedoen deur die leer van ontwerp- en tekentegnieke en die toepassing daarvan op praktiese probleme. ☐

OF

Tegnologie Sillabus saam met Ingenieursvaardighede (Keuring vind plaas vir slegs 30 leerders)
Die intensie is om basiese vaardighede aan leerders bekend te stel wat benodig word in Siviele Tegnologie en Ingenieursvaardighede en Ontwerp. ☐

OF

Tegnologie Sillabus saam met Kodering en Robotika (Keuring vind plaas vir slegs 30 leerders)
Die kodering en robotika vak is daarop gerig om leerders voor te berei ten opsigte van probleemoplossing, kritiese- en kreatiewe denke. Leerders word geleer om saam te werk in 'n digitale- en informasie gedrewe wêreld. ☐

OF

Tegnologie Sillabus saam met Sportwetenskap (Keuring vind plaas vir slegs 30 leerders)
Om die leerders met die nodige kennis en vaardigheid toe te rus ten einde optimale prestasie in verskeie sportdissiplines te bereik. Word opgedeel in twee gedeeltes:

- Fisiese vaardigehede
- Teorie (Energiegroepe, eetgewoontes, Anatomie en fisiologie) ☐

E FRANS

Hierdie is 'n ekstra vak.

Frans as ekstra vak
Daar word gefokus om Frans as taal aan te leer om daarin te kan kommunikeer. Hierdie vak word op Woensdae tydens die Paratusperiode aangebied. Let assbelief daarop dat daar kostes aan verbonde is. ☐